September 2019

# Stellenberger

## Vosburg word deur fel droogte geteister

Deur: ds. Callie Visagie



Dit sal vanjaar die vyftiende keer wees dat ons vir Vosburg-gemeente 'n fondsinsamelingsgeleentheid bied. Die NG Kerk in Vosburg het ongeveer 100 lidmate en dit is uiteraard nie vir hulle sinvol om in hulle eie geledere 'n fondsinsamelingsprojek aan te pak nie. Daarom het die gedagte destyds ontstaan dat hulle hul jaarlikse fondsinsamelingsgeleentheid op ons terrein kom aanbied, sodat hulle groter blootstelling kan geniet. Die fondse wat ingevorder is, was deurgaans uitsluitlik vir hulle rekening en die opbrengs het mettertyd die Vosburg-gemeente in staat gestel om 'n eie leraar te beroep.

Dit was vir my baie sleg om te verneem hoe swaar dit egter vanjaar met die boere in die Vosburgdistrik gaan. Ds. Jaco Heymans het my laat weet dat die gemeenskap se moraal 'n laagtepunt bereik het. Hulle het in 2015 laas goeie reën gehad en boere is besig om moed en hoop te verloor.

Vir vanjaar se Vosburg-Karookuier is slegs die helfte van die skenkings in vergelyking met vorige jare van die boere ontvang, weens geweldige finansiële druk wat die boeregemeenskap beleef. Die droogte noodsaak hulle nou om voer aan te koop om hulle vee aan die lewe te hou en 'n boer se voeraankope beloop sommer maklik R100 000 per maand. In sulke moeilike omstandighede kan boere ook nie hulle plase verlaat om Stellenberg te besoek nie.

Vervolg op bladsy 2 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 1

Die leraarspan het in oorleg met die Vosburg-komitee besluit dat ons graag die Vosburgers wil ondersteun en daarom gaan Stellenberg vanjaar self die Vosburg-Karookuier aanbied. Stellenberglidmate sal al die kosstalletjies self beman en bestuur en die vars vleis wat wel geskenk is, sal in verwerkte formaat verkoop word. Omdat daar soveel minder vars vleis beskikbaar is, sal aankope per klant beperk word.

Kom kuier asseblief saam met ons op Vrydag 6 September vanaf 16:00. Daar sal 'n lekker braaibord met twee tjops, wors en slaaie te koop wees, asook roosterkoek, hamburgers, boereworsrolle, pannekoek en poeding. Om koste te besnoei, sal die Karookuier nie weer deur plakkate op lamppale bemark word nie. Ons doen dus 'n beroep op lidmate om vriende en familie na die geselligheid uit te nooi.

Ek glo dat ons lidmate begrip vir die Vosburgers se nood sal openbaar en die geleentheid met oorgawe sal ondersteun. Alle fondse wat ingevorder word, sal aan die Vosburg-gemeente geskenk word.

# Vyftigste verjaarsdagviering bring vreugde







Dirmü Gouws, 'n jarelange lidmaat van die gemeente, het in Augustus haar vyftigste verjaarsdag saam met die lede van Ruyterwacht Senior Sentrum gevier.

Dirmü vertel dat sy 'n ruk voor haar verjaarsdag op Facebook gesien het hoe 'n ou skoolvriendin haar verjaarsdagpartytjie in 'n liefdadigheidsgeleentheid ten bate van 'n plaasskooltjie op die Bottelarypad aangebied het en dit het vir haar na 'n briljante plan geklink.

"Ek het verlede jaar eerstehands met Ruyterwacht Senior Sentrum kennis gemaak toe my skoonma verhuis het en ons van haar oortollige meubels en klere moes ontslae raak," sê Dirmü. "Margaret Olivier, sentrumbestuurder, het my so beïndruk met haar vriendelike en flinke persoonlikheid dat die Ruyterwacht Senior Sentrum eerste my gedagtes te binne geskiet het, toe ek begin dink het aan 'n instansie waarby ek betrokke wil raak.

"Ek het my verjaarsdagviering in oorleg met die organiseerders van die sentrum se oggendprogram aangebied. Vier van my vriendinne het my vergesel en ons het na die oggend se geestelike program, tee saam met die seniors geniet. Almal is met 'n spesiale verjaarsdagkolwyntjie bederf. Die oggendprogram word altyd met 'n middagete afgesluit en daarna het ek vir malvapoeding en vla gesorg.

"My vriendinne het in plaas daarvan om vir my geskenke te koop, 'n finansiële bydrae tot die sentrum gemaak. Margaret het ook vir ons vertel dat die sentrum aan lede van die gemeenskap die geleentheid bied om 'n senior burger se ledegeld van R150 per maand te borg. Lidmaatskap van die sentrum bied aan seniors die geleentheid om twee keer per week by die sentrum in te skakel. Hulle ontvang dan gratis verpleegdienste, 'n gebalanseerde middagete en skakel ook by die sentrum se sosiale program in."

*Ons wens jou 'n wonderlike nuwe lewensjaar toe, Dirmü. Jou mooi gebaar het die wyse woorde van St. Franciscus van Assisi by ons laat opkom: "For it is in giving that we receive." Mag ons almal die genade ontvang om ons lewens so te lei. Red.*

# Voorwaardes vir ’n toekoms in ’n nuwe land

Deur: Dr. Braam Hanekom*



**Ekonomiese data wat die afgelope maande bekend gemaak is, laat die meeste Suid-Afrikaners moedeloos.** As ontwikkelende land is ons tans vasgevang tussen drie werklikhede: internasionale dinamika; ekologiese werklikhede, wat ons laat besef dat ons ou modelle vir ekonomiese groei nie volhoubaar is nie; en plaaslike sosio-politieke onsekerhede. Dit skep ’n “perfekte storm”.

Te midde van dít alles woed daar ’n intense gesprek oor ekonomiese sisteme en armoede. Hierdie kan nooit net kliniese gesprekke wees nie, maar gesprekke wat diep etiese vrae aan gelowiges rig. As gelowige lyk dit vir my of daar twee beginsels is waarby ons nie gaan verbykom nie. Die eerste is dat geen sisteem wat ongelykheid in die hand werk op die skaal soos wat dit tans gebeur, aanvaarbaar kan wees nie. Die tweede is dat geen sisteem wat die aarde (ekologies) vernietig, aanvaarbaar kan wees nie.

Hierdie is basiese Bybelse beginsels.
Maar so is daar ook ander Bybelse lense waardeur ’n mens kan kyk. Al verskil die kontekste hemelsbreed en is dit onmoontlik en onverantwoordelik om reglynige opdragte tussen Bybelse tye en vandag te trek, is daar tog beginsels wat ons kan help.
Neem ’n teks soos Deuteronomium 10. Die volk het met hul dans om die goue kalf hul verbondsverhouding met God verbreek en so ook oënskynlik die belofte van ’n nuwe land verloor. Dan kom God ’n tweede keer by monde van Moses na hulle en bied hulle weer “die land” aan. Ek lees dit as ’n metafoor vir ’n tweede kans, wat ook op ons van toepassing is.

Daar is egter drie voorwaardes: Onthou alles behoort aan die Here, selfs al ontvang julle die land; God gaan absolute gehoorsaamheid vra; God dring aan op die sensitiewe versorging van weduwees, kinders én vreemdelinge. Die opdrag oor vreemdelinge is veral vir ons moeilik.

Hierdie beginsels kan dalk vir vandag soos volg vertaal word: Daar is niks verkeerd met privaatbesit en eiendomsreg nie. Meer mense moet dit kry, maar hou jou besittings liggies vas – jy is nie die finale besitter nie; soek met alles wat jy het na ’n nuwe moraliteit en gehoorsaamheid; en leef met ’n nuwe sensitiwiteit teenoor die armes en die vreemdelinge.

Laasgenoemde is ’n komplekse uitdaging, maar nie so moeilik nie. Daar is byvoorbeeld situasies wat ons aandag verdien. Die verslegtende ekonomiese situasie en voortgaande menseregtevergrype in Zimbabwe, het nóú ons aandag én die van ons regering dringend nodig. Ons is onlosmaaklik deel van Afrika en ons welsyn kan nooit losgemaak word van ons bure se welsyn nie.

Ons smag na ’n tweede kans om ons land te maak werk . Ons hoef egter nie net te sit en wag nie. Daar is heel konkrete handelinge wat ons gebede moet vergesel.

* Dr Hanekom is direkteur van die Sentrum vir Publieke Getuienis, Wes-Kaap Sinode. Hy is ook ’n lidmaat van die gemeente en neem soms preekbeurte hier waar.

# Feesmark weer slaggereed

Die feesmarkorganiseerders het met die vloerplan getoor en plek ingeruim vir 20 ekstra stalletjies. Die mark spog dus vanjaar met 370 stalletjies en volgens Adri du Randt en Marelize Verreynne, die organiseerders, kan klante vanjaar heelwat nuwe items te wagte wees.

Hulle vertel dat daar veral uitsonderlike tafeldekor te koop sal wees. Indien jy dus iets spesiaals vir jou Kerstafel soek, is die feesmark die plek om te kom rondsnuffel. Daar sal ook 'n besonderse verskeidenheid leerhandsakke en keramiekware teen billike pryse wees. Die juwele-uitstalling het 'n splinternuwe voorkoms en die mark se tuinafdeling is baie groter en bied interessante dekorstukke vir jou tuin. "Ons het ook nie van die mans vergeet nie," sê Adri en Marilize. "Daar is baie geskenke vir mans en ook tienerseuns, byvoorbeeld 'n groot verskeidenheid unieke strikdasse en ander mode-items."

Die restaurant word vanjaar deur die eienaars van die Môreson-padstal in Malmesbury, Benita en Heinrich Nel, bedryf. Die Nels beoog om ons met 'n paar nuwighede op die spyskaart te verras, maar belowe dat die ou gunstelinge beslis nie sal verdwyn nie. Benita vertel dat sy reeds besig is om die afval te kook en sê dat liefhebbers van die dis nie teleurgesteld in die eindproduk sal wees nie. Varsgebakte brood en ander deliprodukte sal ook by die restaurant te koop wees. Benita en Heinrich beplan ook om heelwat meer buitesitplekke by die restaurantarea in te rig.

'n Wyn-en-mengeldrankietoonbank wat deur Geandré en Petro van Wyk beman sal word, is ook 'n nuwe toevoeging tot die restaurant. Die wyntoonbank sal 'n verskeidenheid wyne en biere te koop aanbied asook gesonde mengeldrankies wat uit groente gemaak word. "Klante kan self besluit of hulle die groentedrankie met 'n bietjie jenewer of vodka wil opkikker en of hulle die skoon weergawe verkies," sê Geandré.

Die feesmark is die gemeente se grootste fondsinsamelingsprojek en soos met die res van die



Ons stel graag ons nuwe restaurantspan aan julle bekend. Van links is Petro van Wyk en haar man, Geandré, verantwoordelik vir die nuwe drankie-toonbank, Stephanie Kellerman, die pannekoekkoningin, Heinrich en Benita Nel gaan agter die kospotte inskuif en Marilize Verreyne, Adri du Randt en Stephan Boshoff, ons ervare span organiseerders.

gemeente se begroting, word 'n derde van die feesmarkinkomste vir projekte na buite aangewend. Die oorblywende twee derdes vorm deel van die gemeente se begroting.

"Om 'n mark van dié omvang aan te bied, bring egter ook groot uitgawes mee en daarom bied ons werklik jaarliks die mark in geloof aan," sê Marilize en Adri. "Ons gaan groot onkoste aan en moet vertrou dat die inkomste van die mark voldoende sal wees om die uitgawes te dek. Ons probeer waar moontlik besnoei, maar van die uitgawes is onvermydelik. Ons moet onder andere voldoen aan baie streng brandweerregulasies en dit bring ekstra koste mee.

Van die groot uitgawes lyk soos volg:

- Bemarking R116 000
- Lone R555 000
- Sekuriteit R190 000
- Huur van tente R353 000

"Ons kan maar net vertrou dat die mark vanjaar weer suksesvol sal wees. Ons doen 'n beroep op lidmate om die mark en die restaurant te ondersteun en ook vriende na die feesmark uit te nooi."

# Vroue breek weg van die stadsgewoel

Deur: Karen Visagie

Ek het met gemengde gevoelens na die naweek-wegbreek uitgesien. Ek het daarna uitgesien om met God se Woord en ook saam met vriendinne tyd deur te bring, maar terselfdertyd was ek bekommerd oor die moontlikheid van koue weer en veral die buitestort het my nogal gepla.

Groot was ons verligting en dankbaarheid toe die weer saamspeel en ons die heerlikste naweek ooit beleef het. Die weer was warm en sonnig en so ook die stort en die vriendinne!

Die naweek se tema – Hoe belangrik vroue vir God is – is uitgebeeld in die kunsprojekte wat ons elkeen gemaak het en dit het ook die kern van ons gesprekke gevorm. Elke kunsprojek is geskuur en geskaaf totdat dit aan ons vereistes en verwagtinge voldoen het. Groot was die oomblik toe ons hierdie perfekte-onperfekte kunswerke met 'n lagie vernis kon verseël.

Seker een van die hoogtepunte van die naweek was die stappery. Ons het ver gestap, 'n hele 3.5 km op die sand, elkeen met 'n ballon in die hand. Op die ballon moes jy al jou laste neerskryf. Die staptog met 'n swaar, lasbelaaide ballon was nie 'n ligte takie nie. Aan die einde van die roete het ons ons ballonne verbrand om simbolies uit te beeld hoe God ook ons laste by ons oorneem.

Ons het voldoende alleentyd gehad om in die natuur saam met God te kon spandeer. Na die alleentyd het ons bymekaargekom en met mekaar ons begrip en vertolking van God se Woord gedeel.

By geleenthede soos hierdie besef 'n mens weer wat die waarde van jou kerk, nuwe en ou vriende, kuns, saameet en lekker kuier is. Baie dankie aan ds. René Potgieter vir 'n belewenis wat ek en die vroue vir niks ter wêreld volgende jaar sal misloop nie!







# Finansies stel ons in staat op te bou en uit te bou

Deur: Danie Claassen*

In 'n vorige bydrae het ons aan lidmate verduidelik hoe Stellenberg-gemeente se begrote inkomste saamgestel word. Die grootste enkele bron van bydraes is die maandelikse dankoffer (47% van begrote inkomste). Tans dra ongeveer 600 lidmate (uit die 4 342 lidmate wat aangedui het dat hulle by Stellenberg wil inskakel)op 'n maandelikse basis by tot die werksaamhede van die gemeente. Vir die vyf maande vanaf 1 Maart tot 31 Julie 2019 staan ons by 97% van die begroting ten opsigte van hierdie bron van inkomste. Skakel gerus met die kerkkantoor indien u meer inligting oor ons debietordersisteem verlang, of u bydrae wil hersien.

Ons het ook vroeër onderneem om meer inligting te deel rakende die drie uitgawekategorieë van die begroting, naamlik – UITBOU (fokus na buite), OPBOU (fokus binne die gemeente – beide vir die jeug en vir belydende lidmate) en ONDERSTEUNING (administrasie en eiendomme). Daar word beplan om die begrote inkomste van R10.7 miljoen vir die 2020-boekjaar soos volg te spandeer:


- **Uitbou:** Alle aksies buite die gemeente (sluit sinodale bydrae, ondersteuning van medewerkers eksterne projekte in) 32%
- **Opbou:** Jeug (bediening van skoolgaande en voorskoolse kinders, asook tieners, administrasie deur die jeugkantoor, kampe, ens.) 13%
- **Opbou:** Belydende lidmate (bediening van volwassenes deur eredienste, toerusting, ondersteuning aan lidmate, ens.) 27%
- **Ondersteuning:** Administrasie/Eiendomme (administratiewe uitgawes, personeel, instandhouding van eiendomme, versekering, ens.) 28%

Voorafgaande samestelling bevestig ook dat ons ernstig is met ons doelwit dat ongeveer 'n derde van die totale besteding na buite gerig moet wees. Inligting oor die verskillende aksies waarby die gemeente betrokke is, word gereeld aan die gemeente deurgegee.

Vir die jaar tot op datum beloop die werklike uitgawes ongeveer 70% van die begrote bedrag – die omsigtige aanwending van fondse ondersteun die dissipline in die kerkkantoor om elke rand met die nodige beplanning en sorg te spandeer.

Baie dankie vir u bydrae en betrokkenheid by die Stellenberg-gemeente.

*Danie Claassen in die voorsitter van die gemeente se finansiële kommissie.



# Wanneer ’n mens in die hoësorgeenheid beland . . .

Deur: Wessel Visser*

Die Julievakansie van 2019 het aangename vooruitsigte vir die Vissers ingehou. My vrou, Irmgard, en dogter, Karen, het goeie afslagvlugte en -verblyf op die internet opgespoor en met dié is die Vissers vort na die Zimbalilandgoed in Ballito, KwaZulu-Natal. Ons baai in die heerlike warm winterweer en besoek ook die Hluhluwe-wildtuin noord van Durban. Op die laaste oggend van die kort vakansie besluit ons om bergfietse by die hotel te huur sodat ons die Ballitolandgoed kan verken, voordat ons later die Saterdagmiddag sou terugvlieg Kaap toe.

Dis maar op-en-af-paadjies in die Natalse duineveld en ek en my seun, Tiaan, ry voor. ’n Steilerige afdraand lê voor my met ’n ewe steilerige opdraand en ek laat die fiets begaan – foutjie! Toe die fiets begin wankel, trek ek instinktief die rem – in my bergfietsonkunde waarskynlik die verkeerde voorste rem – en lanseer myself vorentoe, soos ’n missiel. Al wat ek onthou, is ’n hengse slag op die linkerkant van my rug wat my ’n paar keer van pyn na my asem laat snak het. Hulp d.m.v. die landgoed se golfkarretjies het vinnig opgedaag en te danke aan die adrenalien in my are, kon ek nog stort en skoon aantrek, terwyl my dogter reëlings met die nabygeleë Ballito Netcare Hospitaal tref.

Aanvanklik het ons gedink dis moontlik net ’n skouerontwrigting en ek sou met ’n opgebinde skouer die vlug die aand huis toe kon haal. Die ontsettende pyn met die neem van x-strale en na die traumadokter se ondersoek, het egter gou die ontnugterende werklikheid na vore gebring: ’n ontwrigte linkerskouerblad, gebreekte linkersleuterbeen, gebreekte ribbes en ook ’n gebreekte regterpinkie. Hospitalisering en operasies was my onvermydelike voorland. Daar was geen nut daarin dat my gesin teen groot koste moes agterbly nie en hulle is toe die middag volgens skedule terug Kaap toe.

Die eerste gewaarwording van lewe wat ek agt dae later ervaar, was ’n gasmasker so styf teen my gesig geplak dat dit my neusvel ’n bietjie seergemaak het. Agt dae lank was ek in ’n toestand tussen bewustheid en bewusteloosheid - iets wat ’n mens nie jou grootste vyand sou wou toewens nie. Later verneem ek van die dokters dat my niere ook gedreig het om probleme te gee en dat hulle dit ook moes stabiliseer. Van my verjaardag op 16 Julie weet ek nie veel nie, al het my gesin presentjies per koerier laat aflewer.

Na agt dae begin ek uiteindelik my bewussyn volledig herwin en kon ek my situasie begin ontleed. Die intensiewe-afdeling van ’n hospitaal, ten spyte van die uitstekende sorg, is geen aangename plek nie. Monitors raas en êrens lê iemand altyd en roggel, of hoes. Jy leer maar later om geduldig aan te pas by die intensiewe afdeling se roetine, maar die tyd gaan ontsettend stadig verby. Die enigste tyd vir slaap is vanaf elfuur in die aand nadat die skoonmakers klaar gewerk het en die skerpste ligte afgeskakel word. Dan waak net die monitors en ’n mens se persoonlike suster, wat op groot omblaaivelle gedurig inligting aangaande jou bloeddruk, asemhaling, ens. neerskryf, oor jou. Dit word weer die volgende oggend deur die dokters bestudeer. Om vyfuur word jy wakker gemaak om gewas te word, met ’n laaste insluimering tot seweuur voordat die dag- en nagskofte ruil.

So begin die dae rek. Plaaslike pasiënte ontvang gereeld besoekers, maar ek voel asof ek op my eie eiland in die Indiese Oseaan lê.

Vervolg op bladsy 8 . . .

. . . Vervolg vanaf bladsy 7

In die tweede week kry ek wel ’n verrassende opkikkering toe my vrou se niggie en haar vriend uit die bloute een aand tydens besoektyd opdaag, nadat hulle vir ’n paar dae om werkverwante redes uit Pretoria ’n draai in Durban kom maak het. Dit was ’n positiewe inspuiting vir my gemoedstoestand, maar daarna duur my isolasie van die buitewêreld voort.  Die nuwe vriendelike matrone van die hospitaal, nogal ’n Afrikaanse Hoffman uit die Vrystaat, kom doen elke oggend saalrondtes en een of twee keer kry ek darem ’n plaaslike koerant te lees om my weer ’n slag met die buitewêreld in kontak te bring.    Ek was ook baie dankbaar vir selfoontegnologie. Selfone word nie in die intensiewe-eenheid toegelaat nie, maar ek word darem toegelaat om soggens my vrou te bel om die nuutste inligting oor my prognose aan haar oor te dra.

In die geharwar om my by die hospitaal te kry, is my Bybel nie saam met my soontoe nie en Bybels word klaarblyklik ook nie meer aan hospitale voorsien nie.

Ek het ’n behoefte aan die Woord van die Here en bel later selfs my niggie in Middelburg, Mpumalanga.  Sy is ’n lid van die Gideons-Bybelverspreiders, maar hulle het toe blykbaar ook geen kontakte in Ballito nie. Gelukkig kom Brenda, my suster, tot my redding en stuur via die selfoon daagliks vir my dagstukkies wat geestelik vir my geweldig baie
beteken het.

Na ongeveer tien dae in intensief word ek na ’n ander saal uitgeskuif en begin my reeks fisioterapie-sessies.  Daar kom my uiters bekwame fisioterapeut agter ek is meer kortasem en duiselig tydens die oefeninge as wat ek veronderstel was om te wees.  Die uiteindelike diagnose: ’n bloedklont in my linkerlong en hematose op my linkerdy.  En wat beteken dit – terug na die intensiewe-eenheid met suurstofpypies onder die neus.  Ver weg van jou geliefdes wil-wil ’n mens wanhopig en vertwyfeld raak oor die erns van jou beserings en die tydsduur van hospitalisering. Vele kere is ek in gesprek met my Hemelse Vader, maar my suster stel my gerus dat sy in haar geestesoog gesien het hoe die Here self langs my siekbed staan en waak.

Deurentyd, gedurende die lang en nimmereindigende periode in die intensiewe-afdeling, begin ek  groot respek en dankbaarheid teenoor die verpleegpersoneel ontwikkel.  Hulle is almal Zoeloe- of Indiërsusters.  Dis mense wat met die grootste toewyding en sorg hulle werk doen.  Altyd vriendelik en bedagsaam, ten spyte daarvan dat sommige pasiënte onbeskof en ongeduldig is.  Hulle werk lang ure en hul salarisse is ook nie waffers nie.  Tussendeur probeer hulle ook kinders grootmaak en families bymekaar hou. Hulle kom van plekke soos Stanger en Tongaat, wat beteken dat hulle baie vroeg op die been moet kom om betyds by die werk uit te kom en dan saans weer laat en moeg die huis instrompel.  Voortaan kyk ek met nuwe oë na verpleegpersoneel en dra hulle gereeld in my gebede op.

Teen 29 Julie kom daar uiteindelik goeie nuus. Ek is uit die intensiewe-afdeling onstlaan, maar weens gebreekte ribbes en ’n ingeduikte linkerlong sou ek nie die atmosferiese druk in die vliegtuig kon hanteer nie en huis toe  vlieg is uit vir die volgende drie maande.

Daar was net een uitweg – per motor terug Kaap toe. Irmgard en my swaer het my kom haal. Die eerste skof was deur die Transkei, wat tans maar vaal en droog daar uitsien, tot in Gonubie, naby Oos-Londen. Vandaar tot by my skoonsuster in Knysna en op Sondag 4 Augustus het ek uiteindelik na byna ’n maand tuisgekom. Genade onbeskryflik groot!
Huis bly maar die beste hospitaal. Tans ondergaan ek intensiewe fisioterapie en behoort teen September weer “salarisverdienend” en operasioneel te wees.

Uiteraard laat so ’n ervaring op 62-jarige ouderdom ’n mens met baie stof tot nadenke. Dit laat jou besef jy is liggaamlik baie meer broos as wat jy gedink het, maar in die besonder het ek, en ervaar ek steeds daagliks, die helende en genesende krag van my Hemelse Vader.

Vervolg op bladsy 9 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 8

In Psalm 50:15 en 23 het ek veral baie inspirasie gevind: "Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy sal my eer . . . Die mens wat My eer, is die een wat lof as 'n offer bring. Hy wat reg lewe, vir hom sal Ek red".

Baie dankie ook aan almal, benewens die vriendelike mediese personeel, my familie wat my in hulle gebede opgedra het en sommige mense wat ek nie eens persoonlik ken nie. Dit was 'n ware riem onder die hart om te besef hoeveel ondersteuning 'n mens in sulke tye van nood geniet. Dit is baie meer werd as al die klatergoud van die wêreld. Ek kan ook getuig dat Stellenberg 'n ware omgee-gemeente is. Maar ten slotte alle eer aan my Hemelse Vader wat my deur 'n tyd van beproewing in sy hande gedra het en dit daagliks nog steeds getrou doen.

*Wessel Visser is 'n lidmaat van Stellenberg. Hy en sy gesin woon in Kendalweg 104, Eversdal.

# 'n Motorwag met 'n roeping

Deur: Ds. Why Duvenhage

"Ons het pastoor Joseph Mutukulu Mvula in 2010, net voor die wêreldbekersokkertoernooi, as 'n motorwag by die Glengarry-winkelsentrum ontmoet," sê ds. Why Duvenhage. "Hy is oorspronklik afkomstig van die Demokratiese Republiek van die Kongo. Tydens ons ontmoeting het ons verneem hy is 'n pastoor en dat hy reeds op daardie stadium 'n aktiewe bediening, of 'n kerk, onder ander Franssprekende Afrikane in die omgewing, tot stand gebring het.

"Hy het aanvanklik sy kerk in Parow bedryf, aangesien hy toe daar gewoon het. Ek het self ook al 'n paar keer daar gepreek. Pastoor Joseph se gemeente het sterk gegroei en dit was 'n dinamiese bediening en so besluit die gemeente toe dat hulle ook graag wil uitreik na minderbevoorregte mense in die gemeenskap waar hulle woon en bring toe 'n sopkombuis op die been."

Pastoor Joseph en sy vrou bedryf sedertdien die sopkombuis vanuit hulle eie huis en Stellenberg-gemeente ondersteun die sopkombuis al etlike jare deur middel van ons kosprojek. Die sopkombuis bedien daagliks sop aan kinders in Bellville-Suid, waar pastoor Joseph nou self woon.

Die afgelope Julieskoolvakansie het pastoor Joseph en van sy lidmate 'n vakansieprogram vir kinders aangebied. Hy vertel dat dit vir hom baie belangrik is om kinders besig en uit die strate te hou. By die vakansieprogramme word inligtingsessies oor geweld,



misdaad, dwelms, boeliegedrag, ens. aangebied. Hulle fokus daarop om kinders se karakters te ontwikkel en positiewe gedrag en waardes by kinders te vestig.

Die vakansieprogramme is baie goed bygewoon in die onderskeie gemeenskappe waar pastoor Joseph se gemeente dit aangebied het. In Bellville-Suid het 557 kinders die vyfdagprogram bygewoon. In Wesbank was daar daagliks 565 kinders en in Kraaifontein het 500 kinders by die program ingeskakel.

Pastoor Joseph en sy gemeente beplan om tydens die Desemberskoolvakansie weer soortgelyke vakansieprogramme aan te bied.

Hulle benodig dringend helpers om hulle met die aanbieding van die programme by te staan. Lidmate wat graag by die projek betrokke wil raak, moet asseblief vir ds. Why Duvenhage by why@stellenberg.co.za/ 082 570 5931 kontak.

# Liewe vrou, jy is spesiaal

Deur: ds. René Potgieter

Op 9 Augustus het ons Nasionale Vrouedag gevier. Die eerste Nasionale Vrouedag is op 9 Augustus 1994 gevier. Dié dag gedenk die nasionale optog van vroue in 1956 om beswaar te maak teen wetgewing wat swart mense verplig het om 'n pas te dra. Die pas was 'n dokument wat die beweging van swart mense gedurende die apartheidsera beperk het, met die doel om woongebiede te beveilig. Sowat 20 000 vroue het na die Uniegebou in Pretoria opgeruk om 'n petisie met meer as 100 000 handtekeninge by die kantoor van die eerste minister, J.G. Strijdom, te oorhandig. Die vroue het vir 30 minute in stilte buite die gebou gestaan.

Die groep van 20 000 vroue se optrede het 'n groot impak op ons land se geskiedenis gehad en laat 'n mens opnuut besef dat jy nooit die invloed en krag van enige vrou, of mens, moet onderskat nie. Miskien twyfel jy vandag oor jou waarde, of wonder jy of jy werklik 'n sinvolle bydrae kan maak? Dan wil ek graag hierdie boodskap met jou deel.

Vroue weet waarvoor 'n rasper, strykyster, handklitser en 'n besem gebruik word. Jy weet tog 'n besem is om vloere mee te vee en nie om klere te stryk nie, of jy weet dat 'n rasper nie daar is om eiers te klits nie. Elke kombuisartikel het 'n spesifieke doel. Waarom dink ons as vroue dan nie ook so oor ons nie? Ons is tog so geneig om onsself met andere te vergelyk en onsself dan terselfdertyd te kritiseer. In 'n wêreld vol glansblaaie waar die sogenaamde perfekte vrou voor ons neuse gehou word, raak dit 'n uitdaging om aan onsself as waardevol te dink.

Ek wil egter opnuut bevestig dat jy met 'n sekere doel deur God op aarde geplaas is. Jy is nie maar sommer net hier om 'n toevallige rede nie. God het 'n unieke en wonderlike plan met jou. Ons vergeet dit so maklik, of ons besluit dat dit waarvoor ons geroep is, klein en onbenullig is.



Onthou dat God gewone sondaars vir sy werk gebruik. Nie volmaakte mense nie! In die Bybel is daar soveel voorbeelde. Die Samaritaanse vrou by die put, Rut, Maria, Martha, Sara, en so kan ons opnoem. Jy is geskape na God se beeld, met unieke gawes en kenmerke en daarmee raak jy onbewustelik ander mense se lewens aan.

Ds. Cassie Carstens het die storie vertel van 'n polisieman wat een oggend vroeg van diens af gekom het. Dit was baie koud die oggend en hy besluit toe om by 'n bakkery vir hom koffie en oliebolle te koop. Net toe hy by die bakkery instap, sien hy 'n seuntjie wat met groot oë na al die lekkernye in die bakkery staar. Die polisieman koop toe 12 oliebolle. Toe hy uitstap, sien hy uit die hoek van sy oog hoe die seuntjie na hom staar, met die hoop dat hy van die oliebolle met hom sal deel. Die polisieman ignoreer die seuntjie en begin die straat af stap, maar nadat die man so 'n paar treë gestap het, voel hy so sleg dat hy omdraai en al die oliebolle vir die seuntjie gaan gee. Nadat hy weer so 'n paar treë aangestap het, voel hy hoe iemand aan sy baadjie pluk. Toe hy omdraai, is dit die seuntjie. Die seuntjie kyk na hom en vra: *Excuse me, sir, but are you God?*

Jy het die keuse om God se hart vir hierdie stukkende wêreld te wys. Daar is soveel vroue om ons wat nie 9 Augustus, of enige ander dag, met vreugde tegemoet kan gaan nie. Wees daar vir hulle. Wees daar vir elkeen wat jou pad kruis. Wees daar om met jou sagtheid en unieke vrouehart God se liefde, waar jy ook al kom, te wys.

# ’n Vonkie hoop in Vosburg

Deur: Ds. Why Duvenhage

Ek besoek Vosburg al elf jaar, maar met my besoek die afgelope naweek moet ek erken dat ek die landskap nog nooit só sien lyk het nie.  Alles is dood.  Daar is werklik niks nie! Wanneer jy tussen die plase ry, tref jy dooie diere langs die paaie aan.  Die veld, omgewing en algemene situasie daar, is hartverskeurend.
My hart bloei werklik vir dié gemeenskap, maar te midde van die mees hooplose omstandighede wat ek in ’n lang tyd beleef het, het ek wel op ’n vonkie hoop afgekom.

Een van die plaaslike inwoners van Vosburg, Rentia, het ongeveer vyf jaar gelede toerusting van die staat ontvang, met die opdrag om ’n bakkery op die dorp te vestig.  Daar is glad nie vars brood op die dorp te koop nie.  Inwoners ontvang een keer per week brood van De Aar, wat gewoonlik gemuf op die dorp arriveer.

Rentia het tydens ’n vorige uitreik met my kom gesels oor die toerusting wat sy tot haar beskikking het.  Sy was op daardie stadium moedeloos, want sy kon nie ’n perseel vind van waaruit die beoogde bakkery bedryf kon word nie en wou weet of ons haar nie met die vestiging van die projek kon bystaan nie.

Ek het dadelik ingespring en begin soek na ’n perseel, maar daar was min moontlikhede.

Uiteindelik kom ek darem op die ou drankwinkel in die dorp af.  Die gebou was vervalle, maar ek verneem toe dat die kaptein van die Suid-Afrikaanse Polisiediens op Vosburg, Christelle en haar man, Lieb, besig is om die gebou te koop.

Na gesprekke met die egpaar was hulle baie opgewonde oor die bakkeryprojek en het besluit om volstoom daarby betrokke te raak.  Hulle het die gebou opgeknap en verhuur dit nou aan die bakkery.  Lieb is ’n elektrisiën en hy het eiehandig die oonde en ander toerusting verskuif en die bedrading daarvan behartig.

Die projek funksioneer tans onder Christelle en Lieb se vlerk en Stellenberg-gemeente ondersteun hulle waar ons kan.  Lidmate van NG Kerk Onrusrivier het ook gehelp deur ’n heining om die bakkery op te sit.

Die bakkery sal aan drie vrouens werk kan voorsien en brood aan ’n hele gemeenskap.





Foto links: Die gerestoureerde drankwinkel wat nou as bakkery gaan dien. Foto middel: Rentia, die hoofbakster.
Foto regs: Lieb en Christelle, saam met lidmate van NG Kerk Onrusrivier, wat besig is om ’n heining om die bakkery aan te bring.

**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /

**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za  021 976 4519

NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal /  www.stellenberg.co.za